# 2 STEMME

“Wat is dit, Oupa?”

Dolfie kyk benoud na oupa weerwolf.

Oupa wys met sy stapstok na die maan.



“Tyd om huis toe te gaan, Dolfie. Dis al baie laat. Of eintlik vroeg, amper oggend. Ons sit al heelaand hier. Die tyd vlieg as jy lekker kuier. Maar die son kom binnekort op. Nog net ’n rukkie, dan is jy weer ’n seuntjie.”

Dolfie knik.

“Oor ’n paar uur moet ek skool toe gaan. Dis erger. En nou was ek heelaand buite. Hopelik raak ek nie aan die slaap nie. Dit het al gebeur. Toe moes ek ná skool bly.”

Hy sper sy kake oop en gaap.

“Ek’s doodmoeg.”

Oupa weerwolf staan stadig op.

“Jammer, Dolfie. Maar … ek wou jou nog ’n groot geheim vertel.”

“’n Geheim, Oupa?”

“Ja, die geheim van die Weerwolfbos. Maar dis nou al te laat.”

“Dit klink na ’n groot geheim, Oupa. Wat is dit?”

Oupa weerwolf skud sy kop.

“Nee, nee, Dolfie. Mens moet genoeg tyd hê om ’n groot geheim te vertel. Ons moet mekaar in die oë kyk. Jy moet gemaklik wees.” Hy knipoog. “Ons sal dit volgende keer doen.”

“O.” Dolfie brand van nuuskierigheid. “Kan Oupa nie solank ’n bietjie ...?”

“Nee, jy moet nou eers huis toe gaan, Dolfie.”

Oupa se geel oë glim.

“Ek gaan in my wolfhuis klim en nog heerlik slaap.”

Dolfie kyk op.

’n Hangleer hang uit die boom.

Bo in die boom is ’n mooi boomhuis.

Oupa se weerwolfhuis is goed versteek tussen die blare en takke.

Die Wolfbos is eintlik die Weerwolfbos.

Net weerwolwe weet dit.

Oupa is altyd ’n weerwolf, dag en nag. Hy kan dit regkry omdat hy al oud is.

Dolfie verander net as dit volmaan is.

Drie aande ná mekaar word hy dan ’n klein wit weerwolf met ’n bril op sy snoet.

Sodra die son opkom, word hy weer ’n gewone seuntjie.

Oupa weerwolf staan op. Hy gryp die hangleer.

Hy vryf oor Dolfie se kop.

“Sien jou binnekort, Dolfie. Huis toe met jou.”

Oupa weerwolf klim vinnig op.

Dolfie kyk met bewondering na hom.

Oupa klim so rats soos ’n jong apie.

Toe hy amper bo is, kyk Oupa af en glimlag.

“Moenie te lank bly nie, Dolfie. Dit word nou oggend. Ek vertel volgende keer die geheim vir jou.”

Oupa trek die hangleer op.

“Lekker slaap, Oupa.”

Oupa knipoog vir Dolfie. Hy verdwyn tussen die takke.

“Wrow, nou moet ek vinnig by die huis kom.”

Dolfie sak vorentoe op vier pote. Hy hardloop deur die bos.

